# 23 Augustus 2023 - Lesing 107 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Oor die innerlike woord – 11/3/59

**NO: 7304** Almal sal My stem verneem wat vurig daarna verlang en met My in verbinding tree **in hulle hart,** dus nie slegs gebede met die lippe tot My opstuur, wat nie deur My gehoor word nie.

Maar Ek het baie kinders wat innig tot My bid en wie se gebede Ek dan verhoor, - in die besonder, **as dit slegs 'n versoek is dat Ek as Vader tot My kind mag spreek.**

Hierdie bede bewys sy liefde vir My, Wie vir so 'n kind alles is: God en Vader, Vriend en Broeder. En dan sal Ek Myself ook openbaar as Vader, Vriend en Broeder en sal My aanspreking altyd 'n ondersoek wees **na sy vrae en wense,** - wat die kind aan My in volle vertroue voorlê.

En dus mag elke mens homself ook so aangesproke voel deur My, wie slegs op 'n innige samespraak met My **bly wag**, totdat hy van My antwoord bewus geword het. Want dit is korrek om te wag en die verwagting van My antwoord mag nie versuim word nie, wat egter ook die diepe geloof vereis dat Ek wel tot My kinders spreek.

As die mense hierdie diepe geloof sou gehad het, dan sou dit vir hulle almal ook nie so ongewoon gewees het dat 'n God tot Sy skepsele, of dat 'n Vader tot Sy kinders spreek nie.

Dog juis is die wat geloof het maar weinig en daarom kom dit so selde voor dat Ek Myself so kan uiter, sodat die medemens ook iets daarvan sal ervaar. Daarby kom ook dat die mense My aanspreking op heeltemal verskillende wyses verneem, **meestal in hulle eie taal**. Daarom word die resultate van die vertroulike tweegesprek van die kind met die Vader as 'n produk van sy eie gedagtes beskou, as die ongewone inhoud nie die medemens wantrouig maak of hulle anders leer dink nie.

Maar Ek sê vir julle: Ek spreek veel eerder met My kinders as dat Ek 'n geleentheid sou laat verbygaan om Myself te uiter, alhoewel Ek Myself steeds net kan openbaar na gelang van die ryheidstoestand, asook die opdrag wat die ontvanger van My Woord terselfdertyd moet vervul op hierdie aarde. Sodra die stuur van My Woord dus met 'n opdrag verbonde is, word daar ook ander voorwaardes gestel, wat diegene wat dit ontvang moet vervul, om geskik te wees vir sy opdrag.

En dan sal ook die resultate van die innige omgang met My, die inhoud van My regstreekse aanspreking in sy aard anders wees, omdat dit teen die kritiek van die verstandsmense moet standhou, **omdat dit as leerstof beskou moet word wat versprei moet word**, wat as evangelie aan die mense wat hulself in groot geestelike nood bevind, gebring moet word. Maar die aanspreking van My kinders sal dit op geen enkele wyse teenspreek nie, ofskoon dit in 'n verskillende vorm gestel is, juis vanweë die bestemming.

Ek moet My kinders aanspreek, ooreenkomstig hulle vermoë om op te neem. En sodra hierdie woorde van My woordeliks weergegee word, is dit nooit teenstrydig nie. Word dit egter na eie sienswyse verander, dan kan en sal dit ook dwaling by die woorde voeg, wat aanvanklik aan die mense gegee was as die suiwerste waarheid.

**Laat alles onveranderd wat julle mense van bo ontvang.** Hierdie vermaning sou Ek julle steeds weer wil laat toekom, dan is die waarheid ook gewaarborg en dan sal niemand aanstoot kan neem behalwe hulle, wat self nog nie in die waarheid wandel nie.

Want selfs as die denke van 'n mens nog eers van die waarheid afwyk, word hulle deur My Woord korrek gelei, of die omstrede vrae word nog solank tersyde gestel totdat die mens, sonder enige innerlike weerstand, opgeroep deur verkeerde onderrig, **My Woorde aanneem** en sulke teenstrydighede ook uit die weg ruim.

Maar Ek spreek tot al My kinders wat alleen vir My tot hulself laat spreek deur 'n innige band en die wil om My te hoor. En My Woorde word steeds aan hulle gerig, wat dieselfde vrae oordink en wat ook die wil het om My te hoor.

Maar met die oog op die groot geestelike nood en die naderende einde, stuur Ek My Woord, die leer wat die Mens JaHshua op aarde verkondig het, opnuut na die aarde, sodat dit verspreiding sal vind en alle mense sal aanraak wat hulself in die soeke na die waarheid vir My aanspreking oopstel, deur dit wat aan hulle deur My bodes oorgebring word.

Die woord word dus aan almal gerig, maar sal eweneens **slegs op hulle indruk maak wat dit sonder teenstand aanhoor**. En hulle sal nou volgens My Woord handel en lewe en dan ook die uitwerking van My Woord kan ervaar, want hulle sal toeneem in krag en lig, in sterkte van wil en wysheid.

Want alles wat van My uitgaan, moet sy uitwerking hê, **vooropgestel dat die wil van die mens geen weerstand sal bied nie**, dat **die mens sal wil om deur My aangespreek te word** en My genadegawe met danksegging aanneem, wat My liefde hom bied en sal bied tot aan die einde. Amein.